

DEXTER

26 April 2005

Jou Eie Onafhanklike Koerant

HIER IS HY!

Nou is die ander jaloers! Vir die eerste keer in 'n lang tyd het Tuks nou sy eie onafhanklike koerant. Hierdie is 'n koerant wat deur studente bedryf word, en ons objektiwiteit is ons trots. Niemand skryf ons voor nie, ons vra van niemand toestemming nie, en skryf net dit wat elke student graag wil hoor. Die Dexter sal nou gereeld verskyn om aan jou die stories en gebeure te bring wat ander koerante te bang is om te dra. Ons skroom nie om die feite vir julle te gee nie, ons skroom nie om ongerymdhede aan die kaak te stel nie, en ons skroom nie om die student eerste te stel nie. Dit mag soms blyk dat die Dexter te onverskrokke is, maar weet dat ons vas glo dat dit slegs die ingeligte student is wat die ingeligte besluit kan neem. As jy dus opsoek is na die waarheid; hier is dit- jou eie koerant. Die Dexter.

SOLIDARITEIT STIG TAK OP TUKS

Die nasionale vakbond Solidariteit het onlangs 'n tak op UP gestig. Dit kom nadat die jeugtak van Solidariteit al reeds 'n klag teen die Departement Meganiese Ingenieurswese gelê het op grond van dié departement se verengelsings beleid. Die voorsitter van Solidariteit op Tuks, Barend Uys, sê dat daar nou 'n vakbond op kampus is wat vir Afrikaanse studente se regte kan baklei. Hy sê verder dat Solidariteit geen politieke bande het nie, maar suiwer daar is om elke student wat homself met Solidariteit kan vereenselwig te verteenwoordig. "Solidariteit wil as die studente gemeenskap se waghond optree" Solidariteit het al reeds landswyd na raming meer as 130 000 lede, en is veral bekend met hul optrede teen groot maatskappye soos Yskor, Eskom en andere om regstellende aksie meer regverdig te laat plaasvind. Enige student wat meer wil uitvind, of klagtes oor universiteitsoptrede het, kan vir Barend Uys by 082 448 5583 kontak.

Studentegeld Vermors



'n PASMA-lid wys sy gevoel teenoor blankes by die PASMA optog vroeër vanjaar.

Groot ongelukkigheid heers onder studente oor die hofspraak tussen die VSR president, Cornelius Jansen van Rensburg, en die Universiteit van Pretoria. Studente is van mening dat dit 'n "onnodige vermorsing van studente se geld" was.

Die hofspraak is deur Jansen van Rensburg ingestel nadat die universiteitsbestuur nie die regte prosedure gevolg het met sy skorsing nie. Die skorsing het gekom toe hy deel van 'n groep studente was wat orde op kampus herstel het, nadat 'n groep Pasma betogers asblikke omgegooi en blanke meisies aangerand het.

Wat die skorsing veral aangevuur het, was toe die DA dit as 'n moontlikheid gesien het om die presidentskap van die VSR oor te neem. Verskeie klagtes is deur die DA aanhangig gemaak, waaronder die sogenaamde aanhitsing van geweld deur Cornelius.

Hieroor het verskeie studente heftig gereageer. Dit was volgens die Vryheidsfront tog duidelik dat geweld juis gestop het toe Cornelius orde geskep het.

"Die DA se eie politieke ambisies is belangriker as die welvaart van studente."

Cornelius het met sy hofspraak teen die UP-bestuur geslaag toe al die klagtes teen hom terug getrek is, en die bestuur aangebied het om al die regekkostes te betaal. Studente voel egter dat die hofspraak nooit sou plaas gevind het as dit nie vir die DA se onredelike klagtes was nie, en die universiteit meer realisties na die situasie gekyk het. Studente wonder of die universiteit nog op akademiese prestasie ingestel is, of nie begin het om "ANC-beleid van rasse diskriminasie voorop te stel nie."

"Dit is uiters onverantwoordelik van die universiteit om 'n student so te benadeel dat hy geen ander keuse het as om 'n saak by die hof te maak nie," het 'n woordvoerder van die Afrikaner Studentebond (ASB) gesê, "...die feit dat hul (Tuks) die regekkostes gaan betaal is niks meer as billik nie, maar nou word elke student op kampus daardeur benadeel deurdat my en jou klasgeld gebruik word op onnodige beuselagtigheid"

CHRISTENE IN DIE GESIG GEVAT

Studente is geskok oor 'n nuwe reëling dat skriflesing en gebed by gradeplegtighede afgeskaf is. Gradeplegtighede wat altyd uit die Bybel geopen was, sal nou sonder enige vorm van 'n Christelike aard plaasvind. Verskeie studente voel dat die universiteit net polities korrek wil optree deur dié besluit te neem. Wat Christen organisasies veral omkrap is dat die universiteit geen studente oor die besluit geraadpleeg het nie, en dit net eensydig toegepas het. 'n Woordvoerder van die universiteit wou nie redes vir die besluit gee nie, maar soos verneem is dit om in te pas by UP se nuwe missie om 'n universiteit vir alle gelowe te wees. Volgens 'n woordvoerder van Die Vat,

Josef Steyn, is dit net weereens 'n bewys dat die universiteit sy eie beginsels verrai om 'n nie-Christelike regering ter wille te wees. Hy sê dat Christen-Afrikaners nie hierdie stand van sake mag aanvaar nie, en daadwerklik standpunt moet inneem. Volgens 'n Teologie student van die AP Kerk, Gerhard Kotze, was dit nog nooit deel van 'n Christen om sy geloof met ander gelowe te meng nie, wat nog gelyk te stel. “Die Topbestuurs lid wat homself 'n Christen noem, en hierdie besluit ondersteun het, moet weer 'n keer oor sy geloof gaan nadink!” Die Vryheidsfront (VF+) op Tuks het aangedui dat hulle glad nie met hierdie nuwe reëling tevrede is nie, en dat die saak verder gevoer gaan word.

WAT STEEK AGTER

NA MY
MENING...

TSHWANE?

Jankejan

As die ANC sy sin kry, gaan ons almal binnekort in Tshwane bly. Vir sommige studente is dit maar net 'n normale verloop van die demokratiese proses in Suid-Afrika, maar vir talle ander is dit 'n voorbeeld van die versmoring van Westerse waardes en beginsels. 'n Mens kan inderdaad van die standpunt uitgaan deur te vra: “Wat is in 'n naam?” Pretoria is mooi, maar Tshwane klink nie sleg nie.

As jy egter verby die polities korrekte media en blote lippetaal van die ANC en sy meelopers kyk, besef jy dat daar egter baie meer in 'n naam steek as die blote uitspraak daarvan. Die feit is dat stadsname 'n geskiedkundige en kulturele rol in die wêreld speel. Dink maar aan die belang van Berlyn in die koue oorlog, of 'n spreekwoord soos “Alle paaie lei na Rome.”

Wat ons egter wil weet is wat regtig agter die Tshwane naam sit, en wat die ANC nou eintlik daarmee wil bereik. Dit is tog logies dat die ANC nie Pretoria se naam vir die lekker daarvan sou verander het nie. Hulle het 'n bepaalde doel daarmee, 'n doel wat skok as jy regtig eers besef wat agter dié naamsverandering sit.

Die verandering van Pretoria se naam in Tshwane is die uiterlike manifestasie van die ANC se pogings om Afrikaner en Westerse waardes te verdring en uiteindelik te vervang met 'n Afrika-ideologie. Vir 'n rewolusionêre organisasie soos die ANC is daar net een stel beginsels wat mag geld, en dit is sy eie beginsels. Daardie persone wat nie by sy beginsels wil inval nie, word uitgekryt as “dwars, regs, agterlik, nie-liefdevol en teen demokrasie”. Die ANC-regering skep dus 'n situasie waar net sy opinie mag

geld, en alle ander oortuigings word met haat uitgewis en verdring. Ons sien hierdie proses selfs hier op Tuks waar die universiteit traag is om teen Pasma kwaadstokers op te tree, maar Afrikaners wat orde skep word sleg gesê en selfs van hul poste geskors.

Die ANC is dus voortdurend met wetgewing en ander prosedures besig om 'n nuwe nasie te probeer skep, en alle ou vorms van identiteit, soos die Afrikaner, uit te wis. Die maklikste manier om hierdie nuwe Afrika-ideologie te vestig, is om die jeug van die vorige heersers, dis nou die Afrikaner, totaal en al van sy eie waardes en beginsels te vervreem. As die jeug wat maklik beïnvloedbaar is eers agter die ANC se nie-Christelike waardes aanloop, sal die ANC die Afrikaner in sy geheel van sy identiteit vervreem het. En dit is juis hier waar die Pretoria naamsverandering inkom. As deel van die regering se ideologiese oorlogvoering teen die Afrikaner en spesifiek sy jeug, moet alle dorpe, stede, monumente, geboue ens. wat herinner aan die vorige bedeling uitgewis word. Op hierdie manier word ons ook van ons geskiedenis en uiteindelik identiteit vervreem.

Pretoria sal vir ons altyd Pretoria bly. In die dieper konteks word ek en jy egter van ons identiteit ontnem, en 'n nie-Christelike en onbeskaafde bestel word op ons afdwing. Tshwane kan dalk vir sommige mooi op die tong klink, maar vir dié studente wat nie so maklik om die bos gelei word nie, sal dit nooit aanvaarbaar wees nie.

Bogenoemde is die skrywer se eie mening, en weerspieël nie noodwendig die standpunt van Dexter nie.

Briewe

Hulle het ons met klippe gegooi!

Ek was een van die studente wat bevoorreg was om teen Pasma op te ruk en die kampus te beveilig. Wat my na die tyd laat lag het was oor hoe die DA sou aangaan dat Cornelius van die VF+ kamtig geweld aangehits het. Iewers sit hulle die pot mis. Pasma was volstoom besig om asblikke om te gooi, meisies aan te rand en vensters uit te gooi, toe ons hulle gestop het. Ons het nooit aan enige Pasma lid geraak nie, terwyl Pasma ons gespoeg, met klippe gegooi en geslaan het. Tot aan die einde was geen Pasma lid eers aan geraak nie. Wat die geweld betref: daar was geweld, maar toe Cornelius en sy manne opgedaag het, het dit heeltemal gestop. Dalk moet die DA hul politieke ambisies op 'n eerbare weg uitoefen!

- Cobus Pretorius

Ek was daar en weet wie nou eintlik jok.

Ek dink hierdie hele storie met die VSR-president (Cornelius Janse van Rensburg) is 'n klug. Met die uitsondering van DA en PASMA het ek nog nie van een student gehoor wat dink dat die president verkeerd opgetree het tydens die PASMA optog nie. Nou word daar in pers wyd en suid leuens verkondig soos dat die geweld eers begin het nadat die president daar opgedaag het. Dit is baie duidelik dat mense wat sulke aantuigings maak nie daar was nie. Ek was daar en ek kan getuig daarvan dat asblikke omgegooi was en vensters gebreek is voor daar enige vorm van protes teen die optog plaasgevind het. Eers toe die president op die toneel verskyn het die geweld afgeneem. As jy my nie glo nie, vra maar enige iemand wat van die begin af op die toneel was...

-Quintin Campbell

Geluk met die Dexter!

Ek was verheug om te hoor dat daar 'n nuwe koerant op Tuks gaan verskyn wat probleme en gebeure op kampus meer ernstig gaan opneem. Baie van dit wat gebeur word vir ons weggesteek, en as daar iemand is wat alles wat vir ons studente belangrik is vir ons sal vertel, sal dit goed wees. Ek weet baie sal vra hoekom daar nou net maar nog 'n koerant is, maar ek dink nie ons besef altyd die waarde van 'n media wat werklik onafhanklik is nie. Perdeby word deur die universiteit betaal en moet toestemming vra oor wat hulle wil publiseer. My ondersteuning lê by Dexter. Mag dit goed gaan met die nuwe koerant.

-Bertus Kruger

*Skryf vir die Dexter by
kontakdexter@mailbox.co.za.*

KOMMER OOR VRYHEID VAN SPRAAK OP TUKS

Klagtes dat UP se bestuur Vryheid van Spraak onderdruk is onlangs deur die Aksiegroep vir Vryheid van Spraak geopper. Volgens Sarel Roets, woordvoerder van dié groep, is dit veral onlangse gebeure soos die doodverf van die graffiti muur deur die universiteit toe daar 'n vierkleur op was en die konfiskering van plakgate wat die VSR president Cornelius Jansen van Rensburg in sy hofspraak teen UP gesteun het wat kommer wek.

Volgens Roets is die universiteit besig om 'n atmosfeer te skep dat slegs dit wat hulle graag wil hoor toegelaat word op kampus,

en dat alle ander oortuigings verban word. Daar was ook ongelukkigheid onder talle studente toe die Afrikaner Studente Bond (ASB) laas jaar met die VSR verkiesing verbied was om "Trots Afrikaner" as slagspreuk te gebruik. Die vrees bestaan dat UP besig is om gerieflikheidshalwe van die basiese regte soos Vryheid van Spraak en Vryheid van Oortuiging te vergeet, en 'n Mugabe-regering styl begin inslaan. Verskeie organisasies, waaronder die Aksiegroep vir Vryheid van Spraak, het aangedui dat hulle die situasie streng gaan dophou en moontlike optrede word nie uitgesluit nie.

TUKS GAAN GROOT OP MAJUBA



'n Skare studente van UP op die Majuba-Cantus

Tukkie studente het weereens in groot getalle na die afgelope Majuba fees opgeruk. Hierdie fees word elke jaar aan die einde van Februarie gehou om die Slag van Majuba te herdenk. Saam met Tukkie, was daar ook studente van die Pukke, Kovsies en ander soos Pretoria Technikon en die Pampoenboere.

Deel van die fees is die alombekende Cantus wat hierdie jaar deur UP se Cantusgilde aangebied is. Cantus is 'n eeue oue tradisie wat uit die Afrikaner se stamlande kom en behels die sing van studenteliedere met bier as welkome bestanddeel om die kele vogtig te hou. Daar het hierdie jaar ongeveer vier honderd studente die Cantus meegemaak.

Volgens Ernst Roets van die Jakaranda

Cantus Gilde is dit verblydend om te sien dat daar so baie studente van Tukkie vir die geleentheid opgedaag het. Hy sê ook dit was veral koshuise soos Huis Voortrekker en Die Fort wat as koshuis die fees bygewoon het, en so baie tot die fees bygedra het.

Behalwe vir die Cantus was daar ook verskeie ander hoogtepunte op die fees, waaronder die bekende jaarlikse bergklim van Majuba om op die slagveld die geskiedenis eerstehands te kan ervaar. Daar was ook 'n touthek kompetisie tussen koshuise en universiteite, en Huis Voortrekker van UP het as oorwinnaars uit die stryd getree. Die fees is deur studente as 'n groot sukses beskryf.

Dit is die Jakaranda Cantus gilde se hoop dat daar volgende jaar selfs meer studente na die fees sal gaan.

BIBLIOTEEK KRY ANC NAAM

Studente sal voortaan in die Oliver Tambo Regsbiblioteek hul studies voortsit. Dit kom nadat die universiteit besluit het om die Regsbiblioteek dié naam te gee. Volgens 'n woordvoerder van UP is dit so gedoen om in te pas by die inhuldiging van die biblioteek deur die ANC-president, Thabo Mbeki. "Dit skep ook 'n beeld van versoening" Oliver Tambo was president van die ANC voor hy deur Nelson Mandela opgevolg is, en was verantwoordelik vir die groot-skaalse tereur veldtog wat deur die ANC voorheen in SA gevoer is.

Verskeie studente het egter heftig op dié naamsbesluit gereageer. De Wet van Heerden, woordvoerder van die Afrikaner Studente Bond (ASB), sê dit werk juis teen versoening in, en dat daar groot ongelukkigheid is onder Afrikaners en ander mense wat onder Oliver Tambo se terrorisme gely het. Die president van die VSR, Cornelius Jansen van Rensburg, ontken dat die VSR ooit oor die benaming geraadpleeg is, en het sy ongelukkigheid met die universiteit se eensydige en ondemokratiese bestuurstyl uitgespreek.

Die Dexter het ook met verskeie dosente en personeel van die Regs Fakulteit gepraat, en almal het aangedui dat hulle nooit oor die besluit om die biblioteek na Tambo te noem ingelig is nie. Een dosent wou selfs weet wat 'n terroris met die Regte uit te waai het. Volgens hom sou 'n naam soos JMT Labuschagne ('n bekende regsgeleerde van Tuks wat laas jaar oorlede is) baie meer gepas gewees het. Dit is op hierdie stadium onduidelik of die universiteit wel studente oor die besluit gaan raadpleeg, en of studente se belange in ag geneem gaan word.

Parkering Steeds Probleem

'Ek kan nie verstaan waarom die universiteit nie omgee oor die veiligheid van sy studente se voertuie nie' is een van vele standpunte wat ongelukkige studente huldig oor die voortdurende 'parkering-probleem' rondom die hoofkampus van die universiteit.

Derdejaarstudent, Eric le Roux, sê dat hy soms veilige parkering kry as hy sorg dat hy voor sewe reeds op kampus is, maar dat dit nie die probleem oplos nie want 'nou gaan daar maar net tien duisend ander studente wees wat buite op straat moet parkeer as hul so gelukkig is'. Deon Boardman, voorsitter van die DA op kampus, het egter verlede jaar tydens die VSR-verkiesing verklaar dat die DA reeds die probleem opgelos het.

INGENIEURS STUDENTE IS “ONPROFESSIONEEL EN BELAGLIK”

“Absurd en totaal en al 'n leuen” en ander geskok verbaasde uitsprake is deur studente uitgespreek oor onlangse uitlatings deur die Departementshoof van Meganiese Ingenieurswese, Professor Meyer. Dit het gekom nadat Prof. Meyer vroeër aan media instellings verklaar het dat slegs drie persent van die studente in die Departement Meganiese Ingenieurswese gekant is teen 'n nuwe universiteitsbeleid dat klasse in dié departement voortaan net in Engels aangebied gaan word. Daar is egter petisielyste onderteken wat aandui dat meer as die helfte van die studente nie met hierdie nuwe reëling saam stem nie. Verskeie organisasies het al hul ongelukkigheid met die situasie uitgespreek. Volgens Josef Steyn, woordvoerder van Die Vat, is dit maar slegs een van die eerste stappe wat deur

studente verwag is in die universiteit se proses om Tukkies te verengels. Die landswye vakbond Solidariteit, wat ook onlangs 'n tak op Tuks gestig het, het vroeër vandeemaand 'n klag by Pansat teen die Departement van Meganiese Ingenieurswese gelê. Volgens Solidariteit is die optrede van dié departement onaanvaarbaar, en word die menings en gevoel van studente glad nie in ag geneem nie.

Studente is ook ongelukkig oor die wyse hoe die besluit deur die universiteit deurgevoer is. Die meeste studente moes die dag voor hul registrasie hoor dat hulle voortaan net in Engels gaan klas kry, dit terwyl hulle laas jaar deur die universiteit verseker is dat hulle ingelig sou word oor verwickelinge ten opsigte van die taalbeleid. Prof. Meyer het egter nadat talle studente by hom gaan kla het beweer dat dit onprofessioneel en belaglik is om die dag voor registrasie te kla.

JOOP SE STORIES...

Die eerste winter koelte is nou maar stadig maar seker besig om nader te kruip. Mense hou oor die algemeen nie baie van winter nie, maar dit gee vir my meer tyd om na die snaakse wêreld rondom ons te kyk. Altyd interessant om te sien hoe mense alles wat hul doen so ernstig opneem, en nooit regtig tyd het om rondom hulle te kyk na wat als aangaan nie. Ek dink dit sal partykeer goed wees om so nou en dan na 'n koerant te kyk en verder as die storie te lees. Of is dit nou die storie agter die storie raaklees? Vat nou hierdie een geleentheid waar ek in die Beeld moes lees dat Mbeki nie kan verstaan hoekom mense so 'n ophef van Zimbabwe maak nie. Dit was net hier waar ek besef het dat politici my laat lag. Regtig. Ek weet nie of daar so 'n tydverdrijf is nie, maar ek wonder of dit dalk nie soms moontlik is om van politici en hul praatjies 'n stokperdjie te maak nie. Vat nou die voorbeeld van Mbeki en sy dalk cliché agtige uitspraak oor hoe oulik Zimbabwe is, en dat ons eerder oor die Kongo bekommerd moet wees. Ek weet nie waar Mbeki sit nie, maar hier waar ek sit lyk dit vir my of Zimbabwe reg teen ons grense is. Hy kan mos nou besef dat dit bloot logies is dat daar 'n gros onwettige immigrante oor die grens na ons speel vuis oordat hulle in Zim mishandel word. Daar is eintlik 'n klomp faktore wat elkeen van ons laat ril van naarheid as ons net aan Mugabe dink. Maar nee. Kongo is die probleem, nie Zimbabwe nie. Ek wonder soms of Mbeki dink ons het vergeet dat hy en Mugaba groot maatjies is? Hoe dit ookal sy, ek het iets anders gehoor wat selfs nog meer snaaks is. Ons adjunkminister van Landbou, Dirk du Toit, het onlangs op NAFU se landbou kongres gesê dat daar destyds in SA massas swart kommersiële boere was, en dat die blankes by hulle moes leer hoe om te boer. Hy sê dat daar selfs 'n tydperk was wat hierdie swart kommersiële boere die hele SA onderhou het. Nou ja, ek wonder of ek selfs net vir so iets kommentaar moet lewer. Sal mens dit nou as totaal en al verregaande klassifiseer, of sal dit deurgaans as 'n grap. Hoe dit ookal sy, in ons wêreld is daar darem snaakse goed, en sekere politici vat soms net die kroon met hul uitsprake.

Die skrywer se mening weerspieël nie noodwendig die standpunt van Dexter nie. Skryf vir Dexter by kontakdexter@mailbox.co.za.



Die graffiti muur lewer soms interresante dinge op. Hier is 'n student se gevoel oor die vise-reaktor, Prof. De Beer.

TUKS DALK UNIVERSITEIT VAN TSHWANE?

TUKS DALK UNIVERSITEIT VAN TSHWANE?

Studente organisasies het na die onlangse besluit dat Pretoria nou voortaan as Tshwane sal bekend staan, hul kommer uitgespreek oor die moontlikheid dat die Universiteit se

naam dalk nou na die Universiteit van Tshwane sal verander. Studente is veral bekommerd oor die nadelige gevolge wat so 'n naamsverandering in die akademiese wêreld op UP se aansien sal hê. Studente wil ook nie graag 'n graad ontvang wat 'n ander naam as die van die UP sal voorstel nie. Die Vryheidsfront